
**Deur President Dieter F. Uchtdorf**
Tweede Raadgewer in die Eerste Presidensie



# Lopend in Sirkels

Het jy ooit gehoor van die ou gesegde dat mense wat verlore raak geneig is om in sirkels te loop?

Jan L. Souman, 'n Duitse sielkundige, wou wetenskaplik bepaal of dit waar was. Hy het deelnemers aan 'n eksperiment na 'n groot woud streek, en na die Sahara woestyn geneem en 'n wêreld posisionele stelsel gebruik om vas te stel waarheen hulle sou gaan. Hulle het geen kompas of enige ander toestel gehad nie. Die instruksies aan hulle was simpel: loop in 'n reguit lyn in die rigting aangedui.

Dr. Souman het later beskryf wat gebeur het. "[Party] van hulle het op 'n bewolkte dag geloop, met die son weggesteek agter die wolke [en met geen verwysingspunt in sig nie]. . . . [Hulle] het almal in sirkels geloop, met [menige] van hulle wat herhaaldelik oor hul eie spore gekruis het sonder om agter te kom. Ander deelnemers het geloop terwyl die son geskyn het, met verreweg verwysingspunte in sig. "Hulle . . . het amper 'n perfekte reguit rigting gevolg."[1]

Hierdie studie is deur andere herhaal met verskillende metodologie.[2] Almal het teruggekom met gelyke resultate.

Sonder sigbare landmerke, neig die mensdom om in sirkels te loop.

### Die Landmerk van die Skrifture

Sonder geestelike landmerke, verdwaal die mensdom ook. Sonder die woord van God, loop ons in sirkels.

Beide as individuë en as gemeenskappe, sien ons hierdie patroon herhaaldelik in elke dispensasie vanaf die begin van tyd. Wanneer ons nie meer na die woord van God "kyk" nie, is ons geneig om verlore te raak.

Dit is ongetwyfeld die rede hoekom die Here Lehi beveel het om sy seuns terug te stuur na Jerusalem toe vir die koper plate. God het geweet dat die nageslag van Lehi betroubare landmerke sou benodig—verwysingspunte—wat as 'n gids sou dien wat hulle kon gebruik om vas te stel of hulle op koers was.

Die skrifture is die woord van God. Dit is God se landmerke wat ons die weg wat ons moet loop aanwys sodat ons nader aan ons Verlosser kan beweeg en waardige doelwitte kan bereik.

### Die Landmerk van Algemene Konferensie

Die instruksies by algemene konferensie wat gegee word is nog 'n landmerk wat ons kan help om te weet of ons op koers is.

Soms vra ek myself, "Het ek geluister na die woorde wat deur die mans en vroue gespreek is tydens die onlangse algemene konferensie van die Kerk? Het ek hul woorde gelees, en weer gelees? Het ek daaaroor nagedink en dit in my lewe toegepas? Of het ek die suiwer praatjies geniet en nagelaat om hul inspirerende boodskappe in my persoonlike lewe toe te pas?"

Het jy miskien 'n nota of twee neergeskryf, terwyl jy geluister of gelees het. Moontlik het jy 'n verbintenis

gemaak om sekere dinge te verbeter of verskillend te doen. Dink aan die boodskappe van die laaste algemene konferensie. Menige het ons aangemoedig om ons familielede te versterk en ons huiwelike te verbeter. Hierdie uitgawe van *Liahona* fokus ook op hierdie ewige standaarde, met baie praktiese aanbevelings om ons lewens te seën.

Noteer ons en wend ons hierdie waardige raad aan? Herken ons en loop ons na hierdie ware en waardevolle landmerke?

### Die Teenmiddel van Omswerwing

Geestelike landmerke is onmisbaar om ons op die nougesette en smal pad te hou. Hulle gee duidelike direksie as die weg wat ons moet reis—maar alleenlik as ons hulle herken en na hulle toe stap.

As ons weier om deur die landmerke gelei te word, word hulle doelloos, versierde massas wat geen doel het anders as om die platheid van die horison op te breek nie.

Dit is nie genoeg om alleenlik op ons intuïsie staat te nie.

Dit is nie genoeg om die beste bedoelings te hê nie.

Dit sal nie baat om net op ons natuurlike gevoelens te vertrou nie.

Selfs wanneer ons dink dat ons ŉ reguit geestelike pad volg, sonder ware landmerke om ons te lei— sonder die leiding van die Gees—sal ons geneig wees om te swerf.

Laat ons, derhalwe, ons oë open en die landmerke sien waarmeë ons liefdadige God Sy kinders voorsien het. Laat ons die woord van God lees, hoor en aanwend. Laat ons met daadwerklike opset bid en na die aanhitsing van die Gees luister en dit volg. Wanneer ons die hemelse landmerke herken wat deur ons liefdevolle Hemelse Vader geoffer word, behoort ons ons koers deur hulle te stel. Ons behoort ook ons koers gereeld te korigeer soos wat ons onself in die rigting van geestelike landmerke oriënteer.

Op hierdie manier, sal ons nie in sirkels wandel nie, maar met selfvertroue en sekerheid loop na daardie groot hemelse seëninge wat die geboortereg is van almal wat in die nou en gesette weg van Christus se dissipelskap loop.

#### NOTAS

1. Sien Jan L. Souman en andere, "Walking in Circles," *Current Biology* 19 (Sept. 29, 2009), 1538, cell.com/current-biology/issue?pii=S0960-9822(09)X0019-9.
2. Sien, byvoorbeeld, "A Mystery: Why Can't We Walk Straight?" npr.org/blogs/krulwich/2011/06/01/131050832/a-mystery-why-can-t-we-walk-straight.

#### ONDERRIG UIT HIERDIE BOODSKAP

Soos jy voorberei om hierdie boodskap aan andere te leer, kan jy die skrifture navors vir voorbeelde van mense wat deur geestelike landmerke gelei is of mense wat in sirkels gewandel het. Jy kan jou studie met hierdie skrifture begin: Numeri 14:26– 33; 1 Nefi 16:28– 29; Alma37:38–47. As jy aangespoor voel, kan jy insigte van hierdie voorbeelde met diê vir wie jy onderrig deel. Vra hulle wat ons uit hierdie stories kan leer.

## JEUG

## Landmerke vir Jou

President Uchtdorf beskryf algemene konferensie en die skrifture as landmerke wat ons help om geestelike wandeling te vermei. Dink aan ander geestelike landmerke wat jou deur jou lewe beïnvloed en gelei het. Skryf jou ondervindinge in jou joernaal neer. Hierdie kwotasies van President Thomas S. Monson mag jou help:

Jou patriargale seën sal jou deur die donkerste nag sien. Dit sal jou deur die lewensgevare lei. . . . Jou seëning is nie daar om netjies opgevou en weg gebêre te word nie. Dit is nie om geraam of gepubliseer te word nie. Dit is eerder om gelees te word. Dit is om bemin te word. Dit moet gevolg word."

**"Jou Patriargale Seëning: ŉ Liahona van Lig," *Ensign,* Nov. 1986, 66.**

Ons Hemelse Vader het ons nie op ons ewige vaart die wêreld in gestuur sonder om voorsorg te maak vir die middele waardeur ons Sy leiding kan ontvang en 'n veilige terugkoms sou verseker nie. Ek praat van gebed. Ek praat ook van die fluisteringe van daardie stil, klein stem."

**""The Race of Life, *Liahona,* Mei 2012, 92.**

## KINDERS

# Ek Kan My Weg Vind

President Uchtdorf sê dat dit nodig is vir ons om geestelike landmerke te volg want hulle sal ons help om die reg te kies en nader aan die Verlosser te kom. Party van hierdie landmerke is gebed, die skrifture, algemene konferensie, en die *Liahona.*

Lees 'n praatjie van die laaste konferensie saam met jou familie. Wat stel die spreker voor moet ons doen om op die regte pad te bly? Stel doelwitte saam met jou familie om dit wat jy geleer het aan te wend.

© 2013 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gedruk in die VSA Engelse goedkeuring: 6/12. Vertaling goedkeuring: 6/12.
Vertaling van *First Presidency Message, June 2013.* Taal. Afrikaans 10666 501

# Vreugde in Familie Geskiedenis

*Studeer hiedie materiaal biddend en, soos geskik, bespreek dit met die susters wat jy besoek. Gebruik die vrae om jou te help om jou susters te versterk en om Verligting Vereeniging 'n aktiewe deel te maak van jou eie lewe. Vir meer inligting, gaan na reliefsociety.lds.org*

**Geloof, Familie, Verligting**

Ouderling Russel M. Nelson van die Kworum van die Twaalf Apostels het geleer dat die Gees van Elijah is "'n verklaring van die Heilige Gees is wat getuienis dra van die goddelike natuur van die familie."[1]

As lede van Christus se gerestoureerde Kerk, het ons die verbonds verantwoordelikheid om vir ons voorouers te soek en om die verlossende ordinansies van die evangelie aan hulle te voorsien. Hulle kan nie sonder ons "perfek gemaak word nie" (Hebreërs 11:40), en "sodat hulle nie sonder ons volmaak sou word nie" (L&V 128:15).

Familie geskiedenis werk berei ons voor vir die seëninge van die ewige lewe en help ons om ons geloof en persoonlike waardigheid te vermeerder. Familie geskiedines is 'n hoofsaaklike deel van die sending van die Kerk en stel dit instaat om die verlossing en verheerlikings werk aan almal te verskaf.

President Boyd K. Packer, President van die Kworum van die Twaalf Apostels, het gesê: "Wanneer ons ons eie familie lyne navors raak ons belanghebbend in meer as net name. . . . Ons belangstelling draai ons hart na ons Vaders—ons streef om hulle te vind en hulle te ken en hulle te dien.[2]

## *Van die Skrifture*

Maleagi 4:5–6; 1 Kronieke 15:29; L&V 124:28–36; 128:15

## *Vanuit Ons Geskiedenis*

Die Profeet Joseph Smith het geleer, "Die grootste verantwoordelikheid wat God in hierdie wêreld op ons gelê het, is om ons dooies uit te soek.[3] Ons kan as gevolmagtigde dien in die tempel vir ons afgestorwe voorouers en die nodige ordinansies namens hulle verrig.

Sally Randall van Nauvoo, Illinois, wie se 14-jarige-seun gesterf het, het groot vertroosting in die belofte van ewige families gevind. Nadat haar man gedoop was namens hul seun, het sy aan haar familie geskryf: "Wat 'n glorieryke ding is dit dat ons . . . gedoop kan word vir al ons afgestorwe [voorouers] en hulle red so vêr terug as wat ons enige inligting aangaande hulle kan kry. Daarna het sy haar familie gevra om informasie na haar toe te stuur oor hul voorouers, "Ek is van plan om te doen wat ek kan om [ons familie] te red."[4]

**NOTAS**

1. Russel M. Nelson, "A New Harvest Time," *Liahona,* Julie 1998, 34.
2. Boyd K.Packer, "Your Family History: Getting Started," *Liahona,* Nov. 2011, 17.
3. *Teachings of Presidents of the Church: Joseph Smith* (2007), 475
4. Sien *Daughters in My Kingdom: The History and Work of Relief Society* (2011), 20–21.

### *Wat Kan Ek Doen?*

**1.** Hoe kan ek die susters oor wie ek toesig hou, help om familie geskiedenis te doen?

**2.** Maak ek aantekeninge aangaande my persoonlike geskiedenis?

© 2013 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gedruk in die VSA. Engelse goedkeuring: 6/12. Vertaling goedkeuring: 6/12. Vertaling van *Visiting Teaching Message, June 2013*. Taal. Afrikaans 10666 501